

COVID-19-pandemie stel SA se digitale geletterdheidskeiding bloot

Pauline Hanekom*

Toe die COVID-19-pandemie in ons land uitgebreek het, was baie Suid-Afrikaners bang vir moontlike groot lewensverliese. Nou, meer as vyf maande later, staar ons die vernietigende gevolge in die gesig van die pandemie se uitwerking op miljoene mense se vermoë om in hul daaglikse behoeftes te voorsien. Die vernietiging wat die nasionale ramptoestand veroorsaak het, bedreig nie net die ekonomies-aktiewe bevolking se inkomste nie, maar ons jeug se toekomstige inkomste is ook op die spel weens die ernstige uitwerking op die onderwyssektor.

Die erns van die uitwerking is egter nie dieselfde regoor die onderwyspektrum nie, en dit is nie net weens 'n histories-geskepte skeiding in infrastruktuur nie. Die pandemie het ons 'n digitale geletterdheidskeiding laat raaksien wat moontlik baie meer rampspoedige gevolge kan hê. Ter viering van [Internasionale Geletterdheidsdag](#) (8 September), wil ek hierdie kwessie van nader bekyk.

Die [Amerikaanse Biblioteekvereniging](#) se digitale taakspan definieer digitale geletterdheid as “*die vermoë om inligting en kommunikasietegnologieë te gebruik om inligting te vind, te evalueer, te skep en oor te dra en vereis beide kognitiewe en tegniese vaardighede.*” Die publiek beskou skoolleerders en studente dikwels as digitaal geletterd, en noem hulle selfs digitale boorlinge omdat “hulle altyd of hul fone besig is”. Om 'n selfoon vir kommunikasie met familie en vriende te gebruik, is egter ver verwyderd daarvan om inligting te vind, te evalueer en te skep.

Toe die algehele staat van inperking in Maart 2020 aangekondig is, moes die onderwyssektor alle aktiwiteite wat van aangesig tot aangesig plaasgevind het, staak en nuwe maniere vind om voort te gaan om Suid-Afrika se meer as 13 miljoen leerders en 1,8 miljoen tersiêre studente te onderrig. Met slegs 37% van Suid-Afrikaanse huishoudings wat betroubare toegang tot die internet deur selfone of rekenaars (volgens Statistieke Suid-Afrika – StatsSA) het, het die departemente van Basies Onderwys en Hoër Onderwys voor die feitlik onmoontlike taak te staan gekom om die akademiese jaar vir leerders en studente voort te sit. Wanneer 'n mens na individuele provinsies kyk, word die reuse-omvang van hierdie taak nog duideliker, met [Polity.org.za](#) wat onlangs berig het dat die Noordwes- en Limpopo-provinsies teen onderskeidelik 3,6% en 1,6% die laagste toegang tot internet tuis het.

Ingevolge die inperkingsregulasies, het die meeste private skole onmiddellik hul onderrig aanlyn verskuif, met StatsSA wat aandui dat 83,5% van hul leerders (sowat 550 000) sonder veel ontwrigting via aanlyn-platforms met leer van die huis af kon voortgaan. Slegs 67,1% van leerders in openbare skole kon met tuisleer voortgaan. Baie leerders in openbare skole was (en is steeds) beperk tot radio- of televisie-uitsendings, of handboeke en werkblaie wat fisiek aan hulle uitgedeel is.

Afgesien van die 16 persent-verskil tussen openbare en private skole, was die vlak van leer in openbare skole gedurende die staat van inperking in skille kontras met dié van leerders in private skole waar die oorgang na aanlyn-leer minder akademiese ontwrigting veroorsaak het. Maar selfs uit daardie leerders wat die skuif na aanlyn-leer kon maak, het 68,4% aangedui dat hulle moeilik by die aanlyn-omgewing aangepas het. Dit beklemtoon die algemene gebrek aan digitale geletterdheid onder Suid-Afrikaanse leerders en opvoeders. Indien digitale geletterdheidsvaardighede voor die koms van die COVID-19-pandemie ontwikkel en met sorg uitgebrei is, sou die oorgang na 'n aanlyn-leeromgewing baie makliker gewees het.

Terwyl sommige leerders bevoorreg genoeg was om reg van die aanvang van die staat van inperking toegang tot aanlyn-leerplatforms te kon hê, was ander afhanklik van regerings- en private skenkings vir slimfone, tablette of skootrekenaars en in sommige gevalle selfs gratis data. Sommige ouers, veral in landelike gebiede, moes hul hardverdiende geld op die aankoop van slimfone vir hul kinders spandeer sodat hulle kon aanhou leer. Die verskaffing van die tegnologiese instrumente was 'n uiters belangrike stap. Indien 'n student of leerder egter nog nooit vantevore toegang tot die internet gehad het nie, of nie die nodige vaardighede geleer is om inligting te vind, te evalueer of te skep nie, sou 'n tegnologiese instrument net nog 'n hindernis in die leerproses wees.

'n Groot onderliggende bydraende faktor tot die gebrek aan digitale geletterdheid is dat uit die 11 amptelike tale in Suid-Afrika, slegs Engelse (en tot 'n mindere mate Afrikaanse) akademiese inhoud algemeen aanlyn beskikbaar en toeganklik is. In Suid-Afrika word leerders in graad 1 tot graad 3 hoofsaaklik in hul moedertaal onderrig, maar volgens die PIRLS-2016-geletterdheidsverslag kan 78% van graad 4-leerders in Suid-Afrika nie in enige taal lees nie.

My kollega, Nic Spaull, het in sy [Suid-Afrikaanse Skoling en Ongelykheid](#)-aanbieding hierdie data verder ontleed en gevind dat in die rykste 10% van skole, 71% van graad 4-leerders vir betekenis kon lees, terwyl minder as 25% in al die ander skole was. Die nasionale staat van inperking het dus 'n rampspoedige uitwerking op laerskoolleerders in armer en veral landelike gebiede gehad, aangesien hierdie leerders nie net digitaal ongeletterd is nie, maar ook funksioneel ongeletterd is weens hul gebrek aan basiese leesvaardighede.

Om die kwessies te definieer bied nie 'n oplossing nie. Vir baie opvoeders het dit die norm geword om hul leerders of studente se onderprestasie aan 'n gebrek aan finansiële hulpbronne toe te skryf. Terwyl leerders en studente stadig na fisiese onderrigruimtes begin terugkeer, is daar maniere waarop opvoeders digitale geletterdheidsvaardighede by hul leerders kan ontwikkel deur die minimale toegang tot digitale hulpbronne wat hulle tot hul beskikking het – bv selfone – te gebruik. Daar is baie gratis toepassings vir jonger leerders wat afgelaai en gebruik kan word om leerders se lees- en syfervaardighede te verbeter.

In hoër grade kan onderwysers leerders toelaat om selfone te gebruik om internetsoektogte in die klas te doen terwyl hulle geleer word hoe om hul resultate te beoordeel en te bevraagteken om sodoende tussen geloofwaardige en ongeloofwaardige bronne te kan onderskei. Waar slegs die onderwyser toegang tot 'n selfoon of skootrekenaar het, kan een leerder lukraak gekies word om die soektog te doen en die resultate met die klas te deel. 'n Ander manier om digitale geletterdheidsvaardighede te oefen, is deur twee of drie internetsoektogte se resultate uit te druk. Leerders/studente kan dan gevra word om die resultate te vergelyk en die gevolgtrekkings te gebruik om hoërordevrae te beantwoord.

As terugvoer en vormingsassesseringsaktiwiteite in fisiese en natuurwetenskappe kan groepe leerders/studente video-opnames van praktiese aktiwiteite maak en dit op 'n spesiale WhatsApp-groep deel of selfs 'n YouTube-kanaal oplaai wat tussen klasse gedeel word. Stel jou 'n YouTube-kanaal propvol wetenskapsaktiwiteite in Suid-Afrika se inheemse tale voor. Waar daar toegang tot 'n rekenaarlaboratorium is, kan opvoeders leerders/studente uitdaag om aanbiedings of brosjures te skep in reaksie op historiese gebeure of geografiese fenomeen-ondersoeke in die sosiale wetenskappe, of nuwe ontledings in taalstudies.

Opvoeders is lewenslange leerders en innoveerders. 'n Mens kan maar net hoop dat hulle, wanneer hulle die uitwerking van die COVID-19-pandemie op die onderwys begin verstaan – daarna sal strewe om te verseker dat 'n gebrek aan digitale geletterdheid nooit weer in hul leerders en studente se pad van vordering staan nie.

***Dr Pauline Hanekom is 'n Lewenswetenskappe-fasiliteerder en Inligtingskommunikasietegnologie-koördineerder by die Universiteit Stellenbosch se Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP)**